

Skriflesing: Jakobus 1:12-27Teks: **Jakobus 1:13, 16-18, 21**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 103:1,8****TYDENS EREDIENS: Ps. 92:1,6,7; Ps. 19:1,6; Ps. 31:15,17,19; Ps. 18:11,14****Jakobus 1:12-27****Jak 1:12** Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet.**Jak 1:13** Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie.**Jak 1:14** Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.**Jak 1:15** Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.**Jak 1:16** Moenie julleself mislei nie, my liewe broers.**Jak 1:17** Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.**Jak 1:18** Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het.**Jak 1:19** My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie.**Jak 1:20** 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.**Jak 1:21** Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.**Jak 1:22** Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.**Jak 1:23** Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk:**Jak 1:24** hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.**Jak 1:25** Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.**Jak 1:26** As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdienst is waardeloos.**Jak 1:27** Egte en suiwer godsdienst voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.**Skriflesing:** Jakobus 1:12-27Teks: **Jakobus 1:13, 16-18, 21**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 103:1,8****TYDENS EREDIENS: Ps. 92:1,6,7; Ps. 19:1,6; Ps. 31:15,17,19; Ps. 18:11,14**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag was ons in die eerste deel van hierdie besondere brief dadelik daarby gebring dat ons in die jaar 2020, ja dwarsdeur ons lewe word ons met allerlei beproewinge gekonfronteer. Mag u onthou dat Jakobus, die broer van ons Here Jesus Christus, maar wat homself 'n slaaf van Jesus noem, stel dit somer heel aan die begin baie skerp as ons in die tweede vers al kon lees - *2 My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom ...* Wie sonder geloof beproewinge in sy/haar lewe moet deurgaan, is 'n ellendige mens. Is iemand sonder wysheid, is iemand wat op die lange duur al meer gaan word dit wat vv. 6-7 ons laat hoor het - *6 Maar 'n mens moet gelowig bid en nie*

twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. 7 (7-8) So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie ...

Beproewinge en dit wat dit goed maak en waaroor ons bly kan wees, is dat ek op die harde manier leer om te bid, ek leer wat dit is om gelowig te bid. Net so belangrik in ons beproewinge en dit wat my op my knieë dwing, is dat ek van God wysheid moet afbid. Vers 5 verbind die gelowige gebed aan goddelike wysheid. *5 As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.*

Dan word Jakobus praktyk gedrewe soos wat ons lewe sy verloop neem. Leer en lewe hoort mos altyd bymekaar. Ek kan nie 'n sekere leer wil handhaaf en voorhou maar dit nie self wil uitleef nie. Geloof is iets wat al meer praktyk gedrewe moet kan wees. Hou dit in wat God dwarsdeur Jakobus vir ons wil sê in jou agterkop, dat geloof altyd praktyk gedrewe moet wees. As ek wysheid geleer word, ek word geleer om in wysheid te bid, ek word geleer hoe God sy hand vir my sal oopmaak, die God wat gee sonder voorbehoud en verwyf. Wat beteken dit vir die praktyk van die lewe?!

Hierdie besondere leer wat ek uitleef en beproewinge wat ek moet deurleef, laat my geloof groei, dit word gebrei, dit word sterker gemaak. Ons kom by volharding wat al meer vertrou in ons geloof sal wek. Tog laat dit my nie alleen kom by geloofsvertroue nie, maar geloofsroem word 'n eienskap wat my in my praktiese wysheid nog dieper sal laat insien dat 'n arm mens, 'n mens met min geld, is dikwels die mense wat meer rede tot roem het as die ryk mense. Luister weer na vv 9-10: *9 'n Gelowige wat arm is, moet hom daarin verheug dat hy sy aansien in God het, 10 en een wat ryk is, dat hy voor God gering is, want die ryke sal vergaan soos 'n veldblom.*

Daar is geen fout daarmee om baie geld te mag hê, in besonder deur God met baie middele geseën te mag wees nie, maar moet nie daarin wil roem nie. God kan sulke sondige roem so gou van my wegvat soos wat die lewe uit 'n veldblom gehaal kan word. Daar is baie wysheid nodig om rykdom reg te hanteer, soos wat daar wysheid nodig is om reg te bid, soos wat daar wysheid

nodig is om alle goddelike gawes so te hanteer dat ek nie in my eie gawes sal wil roem nie, maar alleen in wat God my geskenk het. Die God wat ons in 'n sleutelteks vir ons hoor sê: *16 Moenie julleself mislei nie, my liewe broers. 17 Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.*

Met hierdie sleutelteks is ons tema dan- **Ons onveranderlike alwyse God en Vader gee die regte groeiproses en kan ook die regte groei van ons verwag.** Ons eerste hoofgedagte- moet nie dat versoeking jou in verkeerde groei en sondige groei laat ontaard nie. Tweedens, die regte groeiproses het alles met goddelike gawes te make. Laastens, kyk ons oorhoofs na watter besondere gawes is hier ter sprake.

Moet nie dat versoeking jou in totale skeefgroei en sondige groei laat ontaard nie:

Jakobus beskryf groot dinge in hoe daar bepaalde prosesse ter sprake is. Die eerste deel het eintlik met die groeiproses van jou en my se geloof te doen. Dis 'n wonderlike proses want hierdie groei loop uit op die lewe, die ewige lewe, die lewe wat die lewegewende God deur sy lewewekkende Woord na ons bring. Maar vóór ons hierdie besondere gawe nog weer kan ontdek weet dat sonde en hoe die sonde in jou lewe maak, het ook 'n groeiproses. Die proses wat op die ewige dood uitloop. Dis 'n proses heeltemal van God verwyder en die Here het ook geen aandeel hieraan nie. Die begin sien Jakobus as wanneer versoeking op ons pad kom wat anders lyk as dinge waarin ek diep beproef word en ek op geen manier standvastig bly nie. Dit wat ons verlede week al begin hanteer het. Die noodsaak tot standvastigheid in versoeking kan seker nooit genoeg beklemtoon word nie.

Dit is ook van die uiterste belang dat God nooit agter enige versoeking staan nie. God kan nooit die oorsaak van ons versoeking gemaak word nie. Spesifiek die versoeking wat eintlik 'n verleiding is om sonde te doen, is by uitstek Satan wat ons daartoe lok. God beproef wel maar God versoek niemand nie. Die belangrikste rede is dat God nie versoek kan word nie waarom sal Hy dit dan met sy kinders doen. God is op geen manier eers vatbaar vir wat verkeerd is nie.

Wanneer ons dan lees hoe die groeiproses van die versoeking in jou en my lewe kan gebeur dan is dit ook weer 'n proses wat gevolg word. Sondige begeertes wat so eie is aan ons versoeking

begin eenvoudig daar waar aan die begeerte toegegee word om te doen wat uit die Bose is. Dit wat immoreel is, dit vorm 'n affiniteit met die kwaad wat ons natuurlike boosheid wat in ons almal skuilhou, vlerke gee.

Die Kategismus wat ook die Onse-Vader gebed verklaar, wil spesifiek by die sesde bede dit hanteer waar ons die Here vra - *En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose* ... Ons belydenis stel die betekenis van hierdie bede reguit en eenvoudig- ons bely dat- **Ons in onself is so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie.** Spesifiek word daar dan tot die Here gebid: **Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal.**

Ook ons belydenis in die Dordtse Leerreëls is hier so van toepassing – luister na hfst. 5 par 11: **Voorts getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry en, as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie. Maar God die Vader van alle vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms, en deur die Heilige Gees maak Hy steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle wakker.** Vroeër stel die Dordtse Leerreëls dit ook - steeds hfst. 5, par 4: **Ons as gelowiges moet ...voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges, wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit**

Dis duidelik as God ons deur Jakobus waarsku dan is begeertes dit wat verlokkend en verleidend kan wees. Jakobus gebruik in die Grieks twee terme uit die jagwêreld en die ander kom uit die visbedryf. Hier het ons die jagter of die visserman wat aas uitsit en so word alles gedoen om die prooi in jou mag te kry en gevang te kry. Ons as mense moet vir die sataniese aas wat ons wil lok uiters versigtig wees. Sodra jy byt en die verskuilde hoek het jou geestelik gegryp, dan is jy

gevang en wil die Satan jou al meer na sy kant sleep, om die eenvoudige rede om jou lewe en die van die mense naby jou, te verwoes en te vernietig. Satan is 'n mensemoordenaar van die begin af en hy het nog nooit verander nie. Sy metodes is om jou dan die letterlike van hierdie teks in te trek, jou swanger te maak met die kwaad, want sien Jakobus dat as jy aan die versoeking toegee, het daar in der waarheid bevrugting plaasgevind, maar wanneer hierdie verwagte kind se geboorteur aanbreek, is dit 'n geboorte aan die dood. In die Grieks het ons hier 'n mediese term wat eie is aan 'n bevalling, veral gebruik Jakobus die woord in dierlike terme. Ons lees ... *as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood*. Die ouer vertaling stel dit: *as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort* ... Ons sou oor hierdie proses en hoe dit kan ontaard en ons lewens kan verwoes en vernietig sekerlik nog baie meer kon uitbrei, maar ek haas my om van die kwaad by die goeie te wil uitkom. Spesifiek waar dit gaan om die goeie God se goeie gawes in ons lewens: Ons tweede gedagte is mos-

Die regte groeiproses het alles met goddelike gawes te make:

Weereens moet ons prosesmatig dink as dit gaan om 'n uitbreiding van die oorwinningsprys, die kroon van die lewe wat al in vers 12 in vooruitsig gestel was. Daarmee het ons verlede week ons laaste gedagte gehad, dat diegene wat die toets deurstaan, *sal die kroon van die lewe ontvang*. Ons moet daardie kroon, daardie oorwinningsprys al meer oor ons koppe wil trek, dit moet letterlik in my lewe wil uittroon, dit wat die goddelike gawes in jou lewe kan doen en wil beteken. Die God wat nie versoeking oor ons wil en kan uitstort nie, wil wel Sy goeie gawes oor ons laat kom. Hoor hoe mooi stel vers 17 dit in die ouer vertaling: *17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie ...*

Die lewe wat self 'n gawe is word met gawes bekroon. Dit is nie iets waarvoor gewerk kan word nie, ek kan dit beslis op geen manier verdien nie, God gee dit eenvoudig vir sy kinders. Maar hier dink ons weer aan twee besondere dinge wat Jakobus ons lewe inbring. Hy praat van God se Woord as die groot stimulus, dit wat ook lei na iets van 'n geboorteproses na 'n tyd van swangerskap en alles daarmee saam kan saamdra, maar die kind wat hier gebore word, dra die lewe, die kind is die lewe self. Die band met Christus mag hier nie vir 'n oomblik gemis word nie ... Ons sien vers 18 eintlik soos 'n lewende kindjie deur die geboorte-kanale beweeg: *18*

Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eersteling kan wees van alles wat Hy geskep het.

Die kind het selfs 'n tweede naam, die kind wat lewe genoem word, word ook die eersteling genoem, tussen alles deur wat God laat gebeur, ja in hoe God geskep het. Die kanaal van geboorte kom deur die woord van die waarheid, dit bring jou tot die lewe, daarin word jy gebore, jy word eersteling gemaak, wat so 'n besondere woord is. Vroeër het God Israel sy eersteling genoem – Eks 4:22 ... 22 *Dan moet jy vir Farao sê: So spreek die HERE: My eersgebore seun is Israel.* Waar 'n volk dit was, God se eersteling, nou word ek en jy dit genoem. Toe ons gedoop is, het God al die eersteling-gedagte oor my en jou wou laat kom, ja God wil in Christus sy uitverkorenes as verbondeersteling na Hom toe bring en by Hom hê.

Hiermee het ons eintlik klaar by iets van ons laaste gedagte gekom vandag, waar ons die vraag wil vra-

Watter besondere gawes is hier ter sprake?

Nadat Jakobus God as Gewer van alle goeie gawes bely dan noem hy dadelik dat ons van daarúit *eersteling kan wees van alles wat God geskep het ...* Die eerste seun van God op aarde gebore was Adam. Hy wat die eerste van mense was wat die opdrag gehad het, julle moet meer mense word en julle moet die aarde bewoon, bewerk en bewaar. Daardie opdrag aan Adam was 'n heilige opdrag wat hy as eersteling sou kon nakom. Ons weet hoe Adam daarin totaal en misluk het. Adam se mislukking is die bewys maar ook die oorsaak en gevolg van so baie ander mense wat in dieselfde opdrag reeds klaaglik misluk het. Tog bly dit vir jou en my 'n besondere gawe as God vandag aan ons sê - jy moet steeds eersteling wees van alles wat Ek geskep het.

Dan besef ons wanneer ons dit moet nakom dan staan in Eks.19 vers 6 eintlik die hele verband van wat ek as eersteling vir God moet wees. *6 En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees.* Later dan bevestig die apostel Petrus hierdie gawe van eersteling-wees so treffend as hy vir die gelowiges skrywe – 1 Pet. 2:9: *9 Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.* Vers 10 hiermee saam is ewe belangrik: *10 Julle was vroeër geen volk nie,*

maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

Geliefdes, as ons dan vandag begin afsluit met die vraag- watter gawes is deel van my eersteling werk wat ek ook in 2020 vir God moet doen. Omdat ek weet die beste wat daar is, het God reeds in Christus vir my gedoen. Dan is dit nie allerhande snaakse dinge nie, dinge waarmee verdwaalde kerklike rigtings en sektes net nog meer verdwaald kan raak. Gewone dinge, soos luister twee maal en praat eenmaal. Ons het twee ore en een mond gekry, daarom dis 'n gawe om hulle ook in daardie verhouding te gebruik. ... *elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 20 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.*

Nog 'n gawe wat gewoon 'n groot versoeking in ons lewe kan wees is om van vuil grappe en dinge daarmee saam afstand te doen. Moet nie in die geboorteproses betrokke raak van eers 'n gedagte wat gewoon onsedelik en vuil is en dan al dieper daarin meegesleep word nie. Dan sal ek later gewoon nie daarteen weerstand kan bied nie. Hieroor is vers 21 tog duidelik - *21 Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.*

Geliefdes, die grootste gawe as eersteling van God is om God se Woord in jou hart te mag dra. As jy waarlik eersteling van God is, dan sal jy God se Woord altyd eerste stel. Dit wat Jakobus in vers 21 so treffend stel ... Die Ouer Vertaling stel dit ... *ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.*

Dit sal op baie maniere uitkom en al duideliker word stel ek as eersteling van God, wel God eerste in wat Hy van my verwag. In my erediensbywoning, in my gee van dankoffers en liefdegawes, in my gebedslewe, my gesinslewe, ja dat ander dinge nie gesinstyd mag afbreek nie. As eersteling van God met God se Woord in jou hart geplant, waar jy weet, die Woord in Christus red my, gaan ons die nuwe jaar en nuwe week verder tegemoet. Volgende keer praat Jakobus met jou as een wat met die ingeplante Woord kan werk. Wie nie 'n dader van die

Woord is nie, maar net 'n prater, ja so een bedrieg homself/haarself. Mag ons ook op die bestemde tyd daarby kom.

AMEN

GELOOFVOLHARING... GELOOFSVERTROUW ... GELOOFSROEM...
 GELOOFSVERDRAAGSAAMHEID

Dis alles geloofsdade!

DIE VERSOEKINGE, DIE GAWES, DIE TONG ... MET GODSDIENS KAN EN MAG ONS
 NIE SPELETJIES WIL SPEEL NIE ... DIT IS VOOR GOD BAIE ERNSTIG.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons Jakobus lees, die brief waarmee ons verlede Sondag begin het om God se Woord hier oop te maak, is daar in hfst. 1 'n hele aantal temas aan die orde. Dis dinge waarmee ons so dikwels mee te doen kry, terwyl dit voorkom Jakobus noem al hierdie sake in hfst. 1 om dan in die res van sy brief by elk van die sake weer afsonderlik by uit te kom. Ons lees in hfst. 1 o.a. die volgende temas, wat gebeur as jy beproef word, m.a.w. jou geloof word getoets. Hiermee saam het ons in hfst. 1 die belangrike saak van om wysheid van die Here te vra, ja ek moet bid vir wysheid. Hfst. 1 werk ook met die baie praktiese probleem waarmee ons elke dag in die wêreld mee te doen kry, van ryk mense en arm mense. Daar word van die rykes 'n bepaalde lewensuitkyk gevra maar word ook die armes in hulle toestand voor God geplaas. Dit hang nou saam met die tema van hoogmoed en nederigheid. Hoe blootgestel en gering ons lewens is word tegelyk hierdeur aangestip 'n Ryke kan nie sy lewe met sy geld koop nie, hierin is hy en sy geld maar net soos die arme wat soos 'n veldblom kan vergaan ...

Vandag se gelese gedeelte vat die saak van om beproef te word nog weer 'n ent vêrder. Wat gebeur as ek in versoeking kom?! 'n Versoeking lê tog weer op ietwat van 'n ander vlak as dit wat 'n beproewing is. Rykdom en geld kan ook 'n versoeking wees, as dit nie reg hanteer word nie. Dan sal u sien hfst. 1 praat ook van die verskillende gawes. Hiermee saam word weer hoogmoed en nederigheid hanteer. Dit is die nederige wat deur God in 'n posisie geplaas word waar die een nooit vanself sou kon uitkom nie. So 'n nederige ontvang die versekering dat God maak so een deel van die eerstelingvrug vanuit alles wat God geskep het.

Broeder en suster, ek vertrou u kom saam met my agter dis voorwaar 'n ryke verskeidenheid van sake en temas wat Jakobus dadelik aan die orde stel. Dit lyk selfs op die oog af na baie uiteenlopende temas maar die geheim is om hierdie temas bymekaar uit te bring en die nog groter geheim, hoe gaan ek dit regkry om in my eie doen en late hierdie verskillende sake in my eie lewe reg te laat uitwerk. Jakobus is die brief wat God ons oproep, moet nie net die regte dinge glo nie, maar doen ook die regte dinge. Geloof en daad praat met mekaar en het alles met mekaar te doen. Jakobus die brief wat ons verlede keer gesien het deur Jesus se broer geskryf is, maar hy noem homself 'n slaaf van die Here Jesus Christus maar sy mede-geleowiges word dikwels as *my broers* aangespreek (v 2,16,19).

- Moenie julleself mislei nie, my liewe broers. Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie. Hier sien ons Jakobus plaas gawes nie sommer almal op gelyke vlak nie. Daar is ook die gawes in ons lewe wat nie noodwendig as goeie gawes beskou moet word nie. Die goeie gawes en die volmaakte wat God skenk kom van Bo. Daarom moet ons beslis kan onderskei wanneer is 'n gawe wel dit wat van God kom of wanneer is ek besig om deur allerlei gawes mislei te word. Hier is dit deurslaggewend om jou gawes, maar meer nog, ook jouself, by die Woord van God te toets.

God wat die mens na Sy beeld en gelykenis geskape het, het ons geskape om vir Hom eersteling te wees. Dit beteken dat alles wat die skepping voortbring deur die mens aan God gewy moet word. Die eerste en die beste moet God toekom.